### *Skepper en skepsel*

**40** **Petrus en Nathaniël** vra: "Maar Meester, ons het geen visgerei by ons nie, hoe moet dit dan? Sal ons vooruitgaan en by die vissers van die meer visgerei leen?"

[2] **Ek** sê: "Dit is nie nodig nie, maar wat jy wel nodig het, is jou geheue, wat elke oomblik skyn te vergeet dat Ek die Meester is vir Wie niks onmoontlik is nie! Bly daarom by die geselskap en gee tydens die visvangs uitleg aan die ou Josa en sy familie oor die krag en die mag van Elohim, wat ook in die mens is!" - Na hierdie woorde van My trek beide hulle terug en dink daaroor na hoe hulle so blind kon wees om met so `n wêreldse vraag by My aan te kom. Selfs Josa sê aan hulle dat hy nouliks kon verstaan hoe hulle dit vir My kon gevra het!

[3] **Nathaniël** sê: "Vriend, ons is net soos jy nog mense, en as sodanig nog te veel aan die wêreldse verhoudings gewoond om te voorkom dat ons so nou en dan nog so iets oerdoms doen; maar in die vervolg sal ons meer spesifiek daarop let! Van ons jeug af was ons immers vissers gewees en as ons iets oor visse hoor, val ons gemaklik weer na ons ou beslommernisse terug, en dan vergeet ons die geestelike daarby. Maar nou is dit weer in orde."

[4] Ook Sarah kom na My toe en vra vir My of hulle mag saamgaan.

[5] **Ek** sê: "Vanselfsprekend; Ek organiseer dit dan juis vir jou! Jy is tog nog steeds My beminde! Waarom het jy dan nie vandag by die oggendete langs My gesit nie?"

[6] **Sarah** sê, terwyl haar stem van liefde bewe: "Meester, ek durf dit nie; dink U eers in, - die drie hoogste Romeinse bestuurders in U geselskap, en dan ek as arm meisie! Waar moes ek die moed vandaan kry?"

[7] **Ek** sê: "My liefste, tog het Ek maar al te goed aan jou gemerk dat jy baie liewer by My as waar ookal wou wees! O, vir My ontgaan daar niks van wat afspeel in iemand se hart nie en daarom hou Ek ook so besonder baie van jou!

[8] Maar sê My nou eers, allerliefste Sarah, hoe beval hierdie twee jongmanne jou? Sou jy die een of die ander nie eerder wil hê as vir My nie? Want kyk eers, Ek is uiterlik tog nie so mooi soos die twee nie!"

[9] **Sarah** sê: "Maar Meester, U wat vir ewig my enigste liefde is, hoe kan U dan nou so iets vra? Ek sou geen hele hemel vol duisend maal mooier engele wil hê vir één haar van U hoof nie, laat staan nog een van hulle in plaas van U, as die hele hemel vol liefde in my hart woon. Ook al is hulle hoe mooi, dan vra ek tog: Wie gee hulle hul skoonheid? U doen dit! Maar hoe sou U hulle hul skoonheid kon gee as dit nie eers in U gewees het nie!?”

[10] **Sarah** sê “U is vir my alles in alles, en ek sal U nooit verlaat nie, ook al sou U My al die hemele gevul met die glansrykste engele wou gee!"

[11] **Ek** sê: "Dit is goed so, so het Ek jou die liefste! **Wie My liefhet, moet My geheel en bo alles liefhê, as hy wil dat Ek hom ook bo alles moet liefhê.** Kyk, altwee die engele is sekerlik buitengewoon mooi, maar Ek is nou vir jou ook liewer as tallose skares van die suiwerste engele, en jy bly daarom nou maar onverbreeklik by My! Ek sê vir jou: jy is uit baie `n egte bruid van My! - Verstaan jy dit?"

[12] **Sarah** sê: "Meester dit verstaan ek regtig nie! Hoe kan ek nou U bruid wees? Kan Ek vir U dan dieselfde word wat my moeder vir my vader is? U is die Meester van hemele en aarde, en ek is slegs een van U skepsels; hoe sou die laagste haar met die allerhoogste kan verbind?"

[13] **Ek** sê: "Wel, dit gaan heel goed, en wel eenvoudig omrede jou gedagte laagste ook voortgekom het vanuit die allerhoogste - en dus ook by die Allerhoogste hoort.

[14] Ek is `n Lewensboom, en jy is sy vrug. Die vrug lyk uiterlik kleiner en onstandvastiger as die boom; maar in haar middel rus `n saad wat deur die vrug gevoed en rypgemaak is en in die saad lê weer bome van dieselfde soort, in staat om self dieselfde vrugte te dra, ook weer met lewendige sade, terwyl dit self uit één so `n saadjie voortgekom het.

[15] Daaruit kan jy dan ook heel eenvoudig vasstel dat die verskil tussen Skepper en skepsel in `n bepaalde opsig nie so besonder groot is as wat jy jou dit wil voorstel nie; want die skepsel is geheel en al die wil van die Skepper, wat beslis volkome goed en waardig is. As hierdie vrye wil, wat van die Skepper uitgegaan, en Sy beeld dra, self in sy vrye persoonlike bestaan erken wat hy eintlik is, en daarvolgens handel, is hy aan sy Skepper gelyk, en in die kleine volkome gelyk aan wat die Skepper in die oneindige grote is. Erken die deel wat deur die Skepper vrygelaat is egter nie wat hy is nie, dan hou hy weliswaar nie op om die een te wees wat hy is nie, maar hy kan die hoogste bestemming nie eerder bereik alvorens hyself nie ontdek het wat hy eintlik is nie.

[16] Vir sulke vrygelate wilsdeeltjies, wat 'mense' heet; om die herkenning van hulleself te vergemaklik, het die Skepper deur alle tye heen openbaringe, wette en leringe vanuit die hemele aan die mense gegee, en het nou selfs liggaamlik Self na die aarde toe gekom om die mense te help met

die werk van selfherkenning, en wil vir hulle vir die toekoms meer lig gee, sodat dit vir hulle minder moeite sal wees as tot nou toe.

[17] Nou sal jy wel die verhouding tussen Skepper en skepsel tot mekaar, en tewens ook met weinig moeite verstaan hoe jy, omdat jy geheel aan My gelyk is, baie goed My bruid en My vrou kan wees, vir ewig verbonde deur jou groot liefde vir My! - Verstaan jy nou wat Ek vir jou uitgelê het?"

### *Die wese van die ware liefde*

**41** Die baie mooie en minlike **Sarah** sê: "Ja, nou is dit vir my al heelwat duideliker; maar dan het alle dogters van Eva (adamiete: vertaler) dieselfde reg op U as ek!?"

[2] **Ek** sê: "Natuurlik, as hulle so is soos wat jy nou is; maar as hulle nie so is nie, dan kan hulle wel diensmaagde, of ook bruide, maar egter nie vroue van My word nie. Dawid, die oervader van My liggaam, het tog ook baie vroue gehad en was `n man na die hart van Elohim; waarom sou Ek nie die vryheid kon hê om baie vroue te hê nie, terwyl Ek tog meer is as Dawid? En Ek sê jou nog daarby dat Ek in staat is om soveel vroue geluksalig te onderhou as wat daar sandkorrels in die see is en grasprietjies op die aarde, en dat elkeen van hulle so versorg sal wees dat hulle nooit één wens sou hê wat nie volkome uitgevoer sal word nie. As dit nou so is, sal dit jou dan hinder as Ek vir baie die geluk wil gee wat Ek in oorvloed vir jou gee?"

[3] **Sarah** sê: " Slegs U is die Meester en die onbegrensde Liefde en Wysheid Self, en wat U doen is wys gedoen; maar ek kan dit tog nie help dat ek so sielsbaie van U hou nie, en U daarom ondeelbaar sou wou besit nie! U moet dit maar vanuit my kinderlike hart oorsien, want sy is nog so dom in die liefde!"

[4] **Ek** sê: "Dit is heeltemal goed so, sê Ek jou. Wie My nie net soos jy heeltemal jaloers liefhet nie, en My nie in sy hart byna sonder mededinging wil besit nie, hy besit nog geen egte liefde vir My nie! As hy dit nie het nie, dan besit hy ook nie die volheid van die lewe nie; **want in die mens is Ek die werklike lewe deur die liefde tot My in sy siel, en hierdie liefde is My Gees in elke mens.**

[5] Wie dus die liefde tot My opwek, hy wek sy gees wat deur My aan hom gegee is, en omdat Ekself hierdie gees is en moet wees, omdat daar in ewigheid geen ander lewensgees buiten My bestaan nie, wek hy daardeur dus Myself in hom op en is daardeur heeltemal in die ewige lewe ingebore, en kan dan voortaan tot in ewigheid nooit sterf en nooit vernietig word nie - ook nie deur My almag nie, omdat hy een is met My. Ek kan Myself ook nie vernietig nie, omdat My oneindige bestaan van ewigheid af nooit in die non-bestaande kan verander nie. Dink daarom dus nie dat jou liefde vir My dom is nie, maar dit is juis soos wat dit moet wees! Volhard daarin, dan sal jy ewiglik geen dood voel of smaak nie!"

[6] My uitleg aan Sarah maak haar so bly dat sy My met al haar krag omhels en selfs heel innig begin te liefkoos.

[7] **Sarah se moeder** berispe haar daaroor en sê: "Maar my liewe Sarah, dit pas tog nie! Gaan weg, jy is nou baie onbeleef!"

[8] **Sarah** sê: "Wat nou, pas of nie pas nie! Dit pas ook nie om te sterf en dan lekker dood te wees nie; maar as die Meester dan kom en die dooie opwek en uit die graf trek, wat ook seker heel ongewoon is, hoe pas dit dan vir die wêreld? O moeder, om die Meester in die openbaar bo alles lief te hê, dít pas vir elke mens die beste! - Nie waar nie, Meester JaHshua, het ek korrek geoordeel?!"

[9] **Ek** sê: "Heel korrek en volkome waar! **Wie hulleself in die wêreld skaam om My openlik bo alles lief te hê, vir hulle skaam Ek My ook om hulle ten aanskoue van alle hemele lief te hê, en om hulle op die jongste dag tot die ewige lewe op te wek!"**